# Inhoud


**Hoofstuk 1:** Klanke (*phonics*) 1
**Hoofstuk 2:** Woordleer (*morphology*) 15
**Hoofstuk 3:** Selfstandige naamwoorde (*nouns*) 27
**Hoofstuk 4:** Byvoeglike naamwoorde (*adjectives*) 42
**Hoofstuk 5:** Werkwoorde en bywoorde (*verbs and adverbs*) 55
**Hoofstuk 6:** Ander woordsoorte (telwoorde, voegwoorde, lidwoorde en voorsetsels) 64
**Hoofstuk 7:** Sinsleer 73
**Hoofstuk 8:** Betekenisleer 90
**Oefenvraestel** 100
**Woordelyste** 104

# Hoofstuk 1: Klanke (*phonics*)

**In this chapter we will attend to**

- sounds in Afrikaans (*klanke*).
- syllables (*lettergrepe and klankgrepe*).
- spelling: **ei**/**y** words, **d**/**t** words, **f**/**v** words and **w**/**v** words.
- capitalisation (*hooflettergebruik*).
- punctuation (*leestekengebruik*).
- reading, understanding and answering questions from a TV guide (TV-gids) and a personal story.

**Lees die onderstaande TV-gids en beantwoord dan die vrae:**



29 September | **TV | VRYDAG**

| | |
|---|---|
| **05:55** | **Oggendboodskap** |
| **06:00** | ***Ontbytsake***<br>'n Ontbytprogram aangebied deur Eloise Kupido en Jody Hendricks waarin nie net met interessante mense gesels word nie, maar ook nuttige resepte uitgeruil word. Vanoggend kom die atletiekkampioen, Wayde van Niekerk, wat twee wêreldrekords laat spat het tydens die Olimpiese Spele in 2016 kuier. |
| **08:00** | ***Mickey Muis se kaskenades***<br>Mickey maak vriende met Pluto, die groot, geel hond wat vir Minnie Muis uit die water red. |
| **08:30** | ***Ben10***<br>As Ben10 naby is, weet jy daar is moeilikheid. |
| **11:00** | ***Suidooster***<br>Die volgende episode handel oor die lewe van die mense in die Kaap wat soos een familie saamlewe. Marcelle verdwyn en Lericia verwyt haarself. |
| **11:30** | ***Spotgoedkoop***<br>'n Program wat baie noodsaaklike items teen die allerlaagste pryse aanbied. |
| **12:30** | ***Die natuur roep***<br>Tiere, leeus, cheetahs en luiperds – katte wat nie troeteldiere is nie. |
| **13:00** | **Die nuus in Afrikaans** |
| **13:30** | ***The Terminator***<br>Arnold Scwarzenegger is die kragman in hierdie verhaal wanneer hy alleen teen 'n oormag boewe te staan kom wat geen respek vir vrouens toon nie. |

**Vrae:**

1. Skryf die name van een van die volgende soort televisieprogramme (*television programmmes*) neer wat hierbo geadverteer word:
   a) 'n Kinderprogram: ______________________________
   b) 'n Sepie: ______________________________



Gr 6 Nuwe Alles-In-Een Taal- en leesoefenboek hfs 01.indd 1 2017/05/08 9:43 AM

c) ’n Film: ____________________

d) ’n Natuurprogram: ____________________

2. In watter program word daar ook so ’n bietjie oor kosmaak (*cooking*) gesels?

____________________

3. Met wie word daar ’n onderhoud (*interview*) gevoer in *Ontbytsake*?

____________________

4. Wat is ’n “oormag boewe” wat in *The Terminator* voorkom? Merk die korrekte antwoord met ’n ✓:

| | |
|---|---|
| Daar is baie boewe. | |
| Die boewe is baie sterk. | |
| Die boewe steel net in die nag. | |

5. In *Die natuur roep*-program word daar gepraat van “katte wat nie troeteldiere is nie”. Wat beteken dit? Merk jou antwoord met ’n ✓:

| | |
|---|---|
| Tiere, leeus, cheetahs en luiperds is nie katte nie. | |
| Tiere, leeus, cheetahs en luiperds is wilde diere. | |
| ’n Mens moet liewers nie katte as troeteldiere aanhou nie. | |

**Het jy geweet?**
Die Zoeloenaam vir ’n cheetah (jagluiperd) is *ingulule* en die Noord-Sothonaam is *lepogo*.

6. Verbind die volgende woorde in kolom A met die regte beskrywing (*description*) in kolom B met ’n lyn:

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| Ontbytprogram | ’n Oordenking (*contemplation*) wat godsdienstig (*religious*) van aard kan wees. |
| Oggendboodskap | ’n Reklameprogram wat verskillende produkte adverteer. |
| *Spotgoedkoop* | Interessante gesprekke (*conversations*) oor aktuele sake van die dag. |
| Die nuus in Afrikaans | Die belangrikste gebeure van die dag word voorgelees. |

## Klanke (*sounds/phonics*)

If you know the difference between vowels (*vokale*), diphthongs (*diftonge*) and consonants (*konsonante*) in English, you already have a basis to understand Afrikaans sounds.

### Vokale (*vowels*)

1. Underline all the vowels in these English and Afrikaans sentences:
   a) Mom stares at her face.
   b) Ma staar na haar gesig.

Vowels are **a, e, i, o** and **u.**



Gr 6 Nuwe Alles-In-Een Taal- en leesoefenboek.indb 2 2017/04/20 3:39 PM

In the following table you can see that there are three kinds of vowels (vowel groups) in Afrikaans: **one short vowel**, **one long vowel** and a **short vowel with two letters**. If you pronounce the English word next to the vowel, you will hear that the Afrikaans word's sound is similar:

| Vowel group 1 | | | Vowel group 2 | | | Vowel group 3 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **One short vowel** | **Afrikaans word** | **English word** | **One long vowel (*double vowel*)** | **Afrikaans word** | **English word** | **Short vowel with two different letters** | **Afrikaans word** | **English word** |
| **a** | kas | cup | **aa** | kaas | aunt | **ie** | siek | click |
| **e** | pen | pen | **ee** | eet | beer | **eu** | deur | weird |
| **o** | bok | cork | **oo** | loop | poor | **oe** | voet | look |
| **u** | rug | will | **uu** | muur | we're | | | |
| **i** | dink | lip | | | | | | |

2. Pronounce the following list of Afrikaans words so that you can hear the sound of the vowel (*vokaal*) clearly. Make sure that your pronunciation (*uitspraak*) is correct (check the table above).

   The meaning of the word is in brackets, but remember that the sounds of the vowel in Afrikaans and English are different:

   - bak (*bake*), pragtig (*pretty*)
   - mense (*people*), pret (*fun*)
   - brug (*bridge*), lug (*air*)
   - deur (*door*), skeur (*tear*), kleur (*colour*)
   - dors (*thirsty*), wors (*sausage*), stort (*shower*)

3. Now that you are familiar with the vowel sounds, find an example of these vowels in the following sentences. Write down how many short vowels with **one** letter, long vowels with **two** letters and short vowels with **two** letters you can find in the sentences. Again, check the table above to make sure of your answer.

   a) **Ag Piet, laat staan die koek op die kas!**
      i. Kort vokaal met een letter: ____________________
      ii. Lang vokaal met twee letters: ____________________
      iii. Kort vokaal met twee letters: ____________________

   b) **Maak die deur toe, asseblief!**
      i. Kort vokaal met een letter: ____________________
      ii. Lang vokaal met twee letters: ____________________
      iii. Kort vokaal met twee letters: ____________________

   c) **Ek is doodmoeg gewag.**
      i. Kort vokaal met een letter: ____________________
      ii. Lang vokaal met twee letters: ____________________
      iii. Kort vokaal met twee letters: ____________________

   d) **Dit was die vierde keer dat die kleur verander.**
      i. Kort vokaal met een letter: ____________________
      ii. Lang vokaal met twee letters: ____________________
      iii. Kort vokaal met twee letters: ____________________



Gr 6 Nuwe Alles-In-Een Taal- en leesoefenboek.indb 3 2017/04/20 3:39 PM